'n Inisiatief van die Christiaan de Wet Fonds
(Ingelyfde vereniging sonder winsoogmerk)

Suid-Afrika na 20 jaar van demokrasie:
Ideologiese vertrekpunte en demokratiese konsolidasie (Grondwetlike krisis?)

Prof Andre Duvenhage

'n Besprekingsdokument opgestel vir die Afrikanerbond

INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE 1
1. INLEIDING 2
2. KONTEKSTUALISERING: DIE GEBOORTE VAN 'n DEMOKRASIE 2
3. SUID-AFRIKA: *"PUNCTUATED EQUILIBRIUM"?* 3
4. DIE STRYD VAN IDEES: IDEOLOGIESE KONTEKSTE EN DRYFVERE 6
4.1 Die Nasionaal-Demokratiese Rewolusie-idee 6
4.1.1 Kontekstuele perspektiewe: 6
4.1.2 Die NDR-Vertrekpunte en Operasionalisering 7
4.1.3 Die Strategiese Konteks van die NDR 8
4.1.4 Taktiese Vertrekpunte van die NDR 10
4.2 Die Liberaal-Demokratiese Oriëntasie 12
4.2.1 Kontekstuele Perspektiewe 12
4.2.2 Vertrekpunte en Operasionalisering van die denkpatroon 12
5 DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE KONTEKS: SMELTKROES VAN VERANDERING 13
6 DEMOKRATIESE KONSOLIDASIE (GRONDWETLIKE KRISIS?) 15
7 SAMEVATTENDE EVALUERING: SUID-AFRIKA QUO VADIS 17
8 GESELEKTEERDE BIBLIOGRAFIE 18

LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Die Ewolusionêre inkrimentele benadering 3
Figuur 2: Transformasie en Rewolusie as andersoortige en radikale veranderingsprosesse 4
Figuur 3: "Punctuated equilibrium": Patroon van verandering 5
Figuur 4: NDR: Ideologiese posisies 11
Figuur 5: Veranderlikes binne die Suid-Afrikaanse Politieke Omgewing 13

LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Toepassingskonteks 10
Tabel 2: Konflikterende Paradigmas 12
Tabel 3: Politieke apatie as verskynsel (1994-2009) 16

1. INLEIDING

Die afloop van die 2014-verkiesing het Suid-Afrika gelaat met 'n politieke omgewing waarin onsekerheid vooropstaan. Hiervan getuig tendense wat verband hou met die toepassing van die tweede fase van transformasie; die Jacob Zuma-kontroversie en dinamika (Nkandla; Spioenasiebande; sy "siekte"; 'n opvolgstryd); 'n ekonomie wat toenemend onderpresteer; 'n verswakkende staat; konflik binne die ANC en die regerende alliansie; patrone van politieke onstabiliteit; en die rol van "nuwe" akteurs soos die EFF, AMCU en NUMSA. Die totstandkoming van 'n Werkersparty (links van Sentrum) is besig om toenemend momentum op te bou en 'n uitkoms in hierdie verband word teen die einde van hierdie jaar verwag. Sterk aanduidings bestaan ook dat die politieke spektrum besig is om na links te skuif.

Soos wat telkens in ander post-koloniale omgewings aan die orde was (Zimbabwe is 'n goeie voorbeeld) verteenwoordig twintig jaar na "onafhanklikheid " soms 'n kruispad en moet daar dan dikwels belangrike besluite oor die toekoms geneem word. Twee jaar gelede het FW de Klerk bogenoemde problematiek ten opsigte van Suid-Afrika soos volg saamgevat: *"(E)ither take the road to economic growth and social justice that is indicated by the National Planning Commission – or we take the 'second phase' road toward the goal of the National Democratic Revolution".* My perspektief hierop is dat die regerende ANC (en sy vennote) hierdie keuse reeds gemaak het en dat die NDR en radikale transformasie as politieke weg gekies is. Die groot vraag is egter watter denklyn binne die NDR gevolg gaan word, naamlik 'n meer gematigde of meer radikale beskouing? Dit is wel duidelik dat die roete wat gekies gaan word verreikende implikasies kan inhou vir die grondwet en ook die suksesvolle konsolidasie van die Suid-Afrikaanse demokrasie. Sentraal in hierdie verband staan die sogenaamde *"battle of ideas"* met die NDR versus demokratiese en grondwetlike waardes soos onder meer vervat in die 1996-grondwet. Die wyse hoe die huidige Zuma-dilemma bestuur gaan word (in samehang met die toepassing van die tweede fase van die NDR) beklemtoon dat die grootste grondwetlike toets sedert 1994 aan die orde is met die moontlikheid van 'n grondwetlike krisis as uitkoms. Die vraag of die toekoms demokratiese konsolidasie of *"democratic breakdown"* kan beteken, is tans 'n belangrike aspek en fokus van die Suid-Afrikaanse politiek.

Die doel van die dokument is 'n bestekopname en beoordeling van die demokrasie in SA na 20 jaar teen die spesifieke agtergrond van die "tweede fase van transformasie" en die Zuma-dinamika wat hom tans uitspeel binne die groter relatief onstabiele politieke omgewing.

In essensie is die dokument verkennend van aard en het nie as doel 'n in diepte ontleding van die komplekse konteks van demokratiese konsolidasie en die uitspeel hiervan oor die volgende vyf jaar nie. Fokuspunte van die studiestuk sluit in:

- Die geboorte van die Suid-Afrikaanse demokrasie.
- Ideologiese kontekste en dryfvere.
- Die Suid-Afrikaanse politieke konteks: smeltkroes van verandering.
- Demokratiese "konsolidasie" of demokratiese "verval".
- Suid-Afrika: Quo Vadis.

2. KONTEKSTUALISERING: DIE GEBOORTE VAN 'n DEMOKRASIE

Die aanvaarding van Suid-Afrika se nuwe grondwet (1991-1994) en die geboorte van 'n demokratiese bedeling het uitgespeel teen die agtergrond van eskalerende konflikte, geweld, noodtoestande en die sekurokratisering van die staat en samelewing. Van Zyl Slabbert (2006:45) het bogenoemde situasie teen die laat tagtigerjare soos volg opgesom:

"... stalemated between the politics of oppression and the politics of revolt". Aanvanklike informele gesprekke tussen die ANC en die regering van daardie tyd het beslag gegee aan formele onderhandelinge met as uitkoms 'n politieke kompromis eventueel vergestalt in die 1996-grondwet. Die grondwet het 'n raamwerk verskaf vir die bestuur van 'n komplekse en uiters konflikterende veranderingsproses met uitdagings soos 'n balans tussen wenners en verloorders; nasionale eenheid versus diversiteit en verskeidenheid; die belang van die meerderheid teenoor minderheidsregte en –eise; en die bestuur van politieke verandering asook die handhawing van politieke stabiliteit en ekonomiese groei. Die toets en duursaamheid van die nuwe grondwetlike bedeling sou bepaal word deur die vermoeë om 'n gesonde balans te vind ten opsigte van sake soos hierbo vermeld.

Met die onstabiliteit van die tagtigerjare agter die rug het 'n dekade of meer van relatiewe politieke stabiliteit (ekwilibrium) en ekonomiese groei (1997/8 – 2007/8) gevolg. Met die "grondwetlike staatsgreep" by die Polokwane Konferensie van die ANC in 2009 (wat Mbeki van die toneel verwyder het en Zuma in beheer geplaas het), is 'n periode van dinamiese ekwilibrium betree. Die ANC se Polokwane- en later Mangaung Konferensie het die rigting van die Suid-Afrikaanse politiek begin herdefinieer met groter klem op sake soos historiese regstelling en sosiale geregtigheid as grondslag vir sosiale en ekonomiese transformasie. Hierna word telkens verwys as die "tweede fase van transformasie". Uitgaande van 'n rewolusionêr-transformatiewe vertrekpunt het die ANC-jeugliga hul interpretasie van hierdie situasie soos volg opgesom: "*Now that the balance of forces has shifted in favour of the forces of change, there is a need to re-route the struggle for total economic emancipation of the people of South Africa through implementation of all freedom charter objectives".*

Hoe ookal die interpretasie van bogenoemde standpunt, is dit 'n redelik uitgemaakte saak dat die periode 2014-2019 gaan staan in die teken van radikale verandering wat in die literatuur soms voorgehou word as "*punctuated equilibrium".* Hierdie aspek met toespitsing op die huidige Suid-Afrikaanse konteks word verder toegelig.

3. SUID-AFRIKA: *"PUNCTUATED EQUILIBRIUM"?*

Die verstaan van verandering, veral sosiale en politieke verandering was, is en sal altyd van die grootste uitdagings wees waarmee wetenskaplikes (binne hierdie studievelde) hulself kan besig hou. Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing in die huidige tydsgewrig stel besondere uitdagings in hierdie verband.

Binne 'n relatief stabiele politieke omgewing in Westerse state (rewolusies was 'n uitsondering) is verandering op 'n natuurwetenskaplike wyse (soms binne 'n Darwinistiese ewolusie-konteks) beoordeel en geprojekteer. Die ewolusionêre veranderingsproses (ook ten opsigte van die politieke-staatkundige konteks) is in hierdie verband beoordeel. Die Britse model van ewolusionêre en inkrementele demokratisering is dikwels as norm gebruik met die Franse Rewolusie (1789) as belangrike historiese teenpool. Skematies kan die ewolusionêre en inkrementele benadering so voorgestel word:

Figuur1: Die Ewolusionêre inkrementele benadering



Die uiters onstabiele politieke omgewing wat begin het met die Franse Rewolusie (1789) maar veral patrone van rewolusie en onstabiliteit tydens die negentiende en twintigste eeu (dekolonialisasie, rewolusie en/of rewolusionêre oorlogvoering) het 'n inkrementele beskouing van verandering onvanpas gemaak en het beskouings waarin rewolusie en later ook transformatiewe verandering die teenwig gevorm het na vore getree. Vergelyk die volgende voorstellings van transformasie en rewolusie as andersoortige onderskeibare veranderingsprosesse[1]:

Figuur2: Transformasie en Rewolusie as andersoortige en radikale veranderingsprosesse



Die tussenposisies tussen die ekstreem van inkrementalisme (ewolusie) enersyds en rewolusionêre verandering andersyds was aanvanklik ongekarteerd maar sou met verloop van tyd ingevul word deur konsepte soos *"Punctual Change"* (Eldredge and Gould); "*Quantum Evolution"* (Simpson); *"Constant Speedism"* (Dawkins) – almal met 'n natuurwetenskaplike en ewolusie-paradigma as grondliggende vertrekpunt. Sosiale en politieke wetenskaplikes het groot agterstande gehad in die verstaan van sosiale en politieke verandering en moes dikwels leen vanuit die natuurwetenskappe en hierdie denke is ook gebruik om sosiale en politieke verandering beter te verstaan.

[1]Hierdie twee konsepte word tans baie in die Suid-Afrikaanse konteks gebruik, maar is nie noodwendig akkurate akademiese beskrywers van dit wat tans hieraan die orde is nie.

Dit is veral 'n konsep bekend as *"punctuated equilibrium"* van Eldredge en Gould wat bruikbaar is vir die verstaan van dit wat tans in die Suid-Afrikaanse politiek aan die orde is en wat myns insiens verwag kan word van die politiek in die periode 2014-2019. In essensie beteken hierdie vorm van verandering dat patrone van ekwilibrium, inkrementalisme en stabiliteit vervang word met korter periodes van ingrypende en selfs radikale(soms transformatiewe) verandering. Human (1998:10) verduidelik die toepassing hiervan op die politiek-historiese konteks soos volg: *"We soon discovered that significant historical events did not occur at neat, regular intervals, but crowded together, so that at certain periods, we ran out of space on the timeline, while elsewhere, there were long empty stretches".* Skematies kan hierdie patroon van verandering soos volg voorgestel word:

Figuur3: "Punctuated equilibrium": Patroon van verandering



Hierdie momente van *"punctuation"* is die werklik belangrike momente in die geskiedenis van state. Dit verskil wesenlik van transformasie deurdat hier nie van 'n nuwe orde sprake is nie, maar eerder 'n radikale wysiging van die status quo sonder om die status quo finaal op te skort. In die woorde van Human (1998:14): *"Punctuations are unpredictable. They constitute unexpected breaks in the pattern; deviations from the norm. Punctuations are, by nature, abnormal events in history".*

Dit is my oordeel dat daar tans sterk getuienis bestaan dat Suid-Afrika in so 'n fase staan wat as *"punctuated equilibrium"* beskryf kan word. Sleutelfaktore wat hiertoe bydra sluit in die dinamika binne die ANC en drieledige alliansie, die Zuma-krisis en die opvolgstryd, sosiale en ekonomiese uitdagings en die konteks van 'n verswakkende staat. Hierdie faktore skep tans 'n omgewing wat groot uitdagings stel vir die konsolidasie van die Suid-Afrikaanse demokrasie. Hierdie konsolidasie (al dan nie) word mede-bepaal deur die sogenaamde *"battle of ideas"* wat tans aan die orde is. Hierdie ideologiese stryd en die gepaardgaande uitkoms hiervan gaan 'n rigtinggewende impak hê op die toekoms van Suid-Afrika as 'n grondwetlike demokrasie en die konsolidasie hiervan. Aan hierdie aspek word vervolgens verder aandag gegee.

4. DIE STRYD VAN IDEES: IDEOLOGIESE KONTEKSTE EN DRYFVERE

Ten tyde van 'n onstabiele veranderingsproses of dinamiese ekwilibrium (vroeër voorgestel as *"punctuated equilibrium"*) moet politiek-ideologiese denke rigting gee aan die bestuur van verandering. Politieke debatte en diskoerse het in hierdie omgewing soms 'n intra- en inter-ideologiese karakter. Tans woed daar verskeie van hierdie diskoerse op verskillende plekke van die politieke spektrum. Die uitkoms hiervan kan rigtinggewend wees vir Suid-Afrika se politieke toekoms en veral vir die konsolidasie van die Suid-Afrikaanse demokrasie.

Verskeie ideologiese kontekste (Liberalisme; Afrika Nasionalisme; Apartheid; Marxisme ens) het reeds bepalend op die Suid-Afrikaanse geskiedenis ingewerk. Dit is egter veral twee ideologiese kontekste, tewete die Nasionaal Demokratiese Rewolusie-idee en die Liberaal-demokratiese denke (met inbegrip aan vorme van sosiale demokrasie), wat bepalend gaan inwerk op Suid-Afrika se toekoms en die konsolidasie van die demokrasie hier ter plaatse. Hierdie twee meestal konflikterende denksisteme word vervolgens kortliks gerekonstrueer, geïnterpreteer en ook gekontrasteer. Daar sal in groter besonderhede op die NDR ingegaan word aangesien dit die huidige dominante politieke ideologie is.

4.1 Die Nasionaal-Demokratiese Rewolusie-idee

4.1.1 Kontekstuele perspektiewe:

Die herkoms van hierdie ideologiese denkpatroon kan teruggevoer word na die vroegste dekades van die vorige eeu met die ontstaan van die ANC en veral die kommunistiese verset teen kolonialisme. Tydens die *Communist International (1920)* het Vladimir Lenin die belangrikheid van klasse samewerking teen kolonialisme *(imperialism is the highest stage of capitalism)* beklemtoon. Tydens die sesde kongres van *Communist International (Augustus – September 1928)* het die SAKP die volgende ten doel gestel: *"The party, while retaining its full independence, should participate in these organizations, should seek to broaden and extent their activity. Our aim should be to transform the African National Congress into a fighting nationalist revolutionary organization against the white bourgeoisie and the British imperialists, based upon the trade unions, peasant organizations, etc., developing systematically the leadership of the workers in this organization… The development of a national-revolutionary movement of the toilers of South Africa…constitutes one of the major tasks of the Communist Party of South Africa."*Volgens hierdie vertrekpunt word Suid Afrika beoordeel as 'n staat (samelewing) gekonfronteer deur 'n spesiale tipe van kolonialisme en moet die NDR-gedagte kontekstueel op 'n eiesoortige wyse van toepassing gemaak word om die beoogde verandering te verseker.*[Colonialism of a special type: A variant of colonialism where both the coloniser and the colonised share the same boundaries, within state (ANC, 2007:34.)]*

Sedert die Tweede Wêreldoorlog het hierdie denklyn (veral na die Sharpeville-opstand van 1960) 'n ideologiese grondslag vir die gewapende stryd verskaf. By die Morogoro Konferensie van die ANC (1969) het die bekende Strategie- en Taktiekdokument die lig gesien wat as handleiding vir die rewolusionêre stryd gedien het. Tydens die sewentiger en tagtigerjare is die gewelddadige en rewolusionêre benadering verder uitgebou en was patrone van interne onstabiliteit met 'n rewolusionêre inslag baie prominent. Die onvermoë van veiligheidsmagte enersyds (om orde en stabiliteit te herstel) in samehang met die onvermoë van rewolusionêre magte (om beheer oor te neem) andersyds, het gelei tot onderhandeling en die opskorting van die rewolusionêre stryd.

Informele gesprekke soos dié in Dakar (en in ander dele van die wêreld) het die weg gebaan vir meer gestruktureerde gesprekke (Kaapstad en Pretoria minute), KODESA1, en KODESA 2 en die Veelparty konferensie wat uiteindelik uitgeloop het op die Interim

Grondwet en die 1994 verkiesing wat met ’n groot meerderheid deur die ANC gewen is. (Die grondwet is eers formeel in 1996 bekragtig!) Vanuit die perspektief van die NDR moes die ANC en sy bondgenote afstand doen van geweld en die ‘struggle’ as metode ter bereiking van politieke doelwitte veral om die sogenaamde *‘breakthrough’* waarna telkens verwys word in die oog te hou en te verseker. Vanuit die perspektief van die NDR was die sogenaamde *‘balance of forces’* (vergelyk die Strategie en taktiek-dokument) nie reg vir ’n “rewolusionêre oorname” nie en was ’n politieke transisie (die deurbraak) eerder op die kaarte en moes die rewolusionêre strategie dus aangepas word om hierdie eiesoortige stel omstandighede te kon akkommodeer. Vanuit hierdie perspektief het die grondwetlike skikking van 1994 nie beteken dat die rewolusie nou opgeskort is nie, maar slegs dat ’n nuwe fase van die rewolusionêre stryd nou betree word. Die 1994 verkiesingsoorwinning van die ANC word daarom slegs gesien as “...*(an) environment (that) provides a basis for the advancement of the National Democratic Revolution (NDR) in our country”* (ANC’s Strategy and Tactics, 2007, par 7:1). ’n Meer gematigde fase van die NDR (soms ook na verwys as Thermidor) was aan die orde soos beliggaam in die RDP program, GEAR en ASGISA en sou later na verwys word as die sogenaamde *1996-Class Project* wat ’n belangrike motivering was vir die verwydering van Mbeki van die politieke toneel.

Die NDR as ideologiese vertrekpunt en sy betrokke toepassingskontekste word uitgebreid aangetref in bykans alle invloedryke en beleidsbepalende dokumente van die ANC en geniet ook ’n sterk status binne die sogenoemde *“broad church”.* Dit is nie ’n enkelduidige ideologiese denkpatroon nie, maar ’n komplekse denkraamwerk en ’n selfs meer komplekse politieke (rewolusionêre) tradisie as grondslag met konflik onder “aandeelhouers” ten opsigte van interpretasie en toepassing. Veral in die politieke fase wat tans betree word, is die ideologie en sy toepassing nie duidelik nie en is die Nasionale Ontwikkelingsplan as die oorhoofse raamwerk vir beleidstoepassing boonop ook baie kontroversieel.

4.1.2 Die NDR-Vertrekpunte en Operasionalisering

Die NDR word vanuit ANC-dokumentasie voorgehou as “*a process of struggle that seeks to transfer power to the people and transform society into a non-racial, non-sexist, united, democratic one and changes the manner in which wealth is shared, in order to benefit all the people” (ANC, 2007:16).* Onlangs het Blade Nzimande (2011:1) die relevansie van die NDR vir gister, vandag en môre so saamgevat: “*As Oliver Tambo, Nelson Mandela, Chris Hani and many of our men and women leaders, have said, ours was never a struggle to replace a white capitalist class with simply a black capitalist class. Instead, our struggle was for the total destruction of all conditions and instruments of oppression of one group over another. These words captured the essence of the national democratic revolution…they were true yesterday, as they were true today, and shall remain relevant for a long time to come”.*

Die basiese vertrekpunt van die NDR is dat die Suid Afrikaanse samelewing die produk is van *colonialism of a special type* met groot teenstellings in terme van ras, klas en geslag. (Demografiese syfers bevestig hierdie teenstrydighede waaronder die feit dat Suid-Afrika die staat is waar een van die grootste gapings tussen ryk en arm ter wêreld aangetref word.) Hiervolgens word dit gestel dat “(*t)here antagonisms found expression in national oppression based on race; class; super-exploitation directed against Black workers on the basis of race; and triple oppression of the mass of women based on their race, their class and their gender” (ANC:2007).* Uitgaande van hierdie beskouing word die 1994-verkiesing slegs gesien as “*a historic breakthrough and a decisive departure (away) from a colonial system”* en dien die verkiesing slegs as brughoof in die kontinuering van die NDR op pad

na 'n sosialistiese georiënteerde staat. *[The South African Road to Socialism: Build Working Class Hegemony, for a Socialist Orientated NDR (SACP:2007)].*

Die ANC as die sogenaamde *Vanguard Party* moet hierdie gestelde ideale op 'n rewolusionêre wyse volvoer met die grondwet as bondgenoot (nie 'n hindernis nie) ten einde 'n nie-rassige, nie-seksistiese, demokratiese en volhoubare samelewing na te streef.

Die operasionalisering van die gestelde ideaal vind plaas op die volgende terreine:

- **Die Staat:** Onder die voogdyskap van die Rewolusionêre party moet dienste gelewer word; ekonomiese ontwikkeling bevorder word; en sosiale geregtigheid bewerkstellig word. Radikale transformasie onder leiding van die party en ontplooide kaders binne die groter politieke stelsel moet uitvoering gee aan die strategiese visie van die party. 'n Ontwikkelingstaat benadering moet ingespan word om die politieke, ekonomiese en sosiale ongeregtighede (teenstrydighede) op te hef. Daadwerklike staatsintervensie en strategiese planne wat deurlopend gemoniteer word, is hier ter sprake.
- **Die ekonomie:** Die transformasie van die ekonomie deur middel van die demografiese verspreiding van produksiefaktore (grond, kapitaal, arbeid en onderneming). Ras, klas en geslagsongelykhede moet uitgeskakel word en 'n groeiende ekonomie wat werk skep is hier van kernbelang.
- **Organisatoriese werk:** Die versterking van die Rewolusionêre party (ANC en bondgenootskappe) om die nodige politieke leiding te gee, steun te organiseer en te mobiliseer, vanuit 'n oorsigfunksie die staat en ander sektore te beheer en te kontroleer, en die ontwikkeling van beleidsraamwerke om die rewolusionêre ideaal te volvoer staan in hierdie opsig sentraal.
- **Die Ideologiese stryd:** Die ideologie moet deurlopend ontwikkel word en aangepas word om by die eiesoortige en veranderende politieke, ekonomiese en sosiale werklikhede aan te pas. Aanpassings op die ideologiese en beleidsvlakke is dikwels nodig om die rewolusionêre impak te maksimaliseer. Vandaar die deurlopende hersiening van die *Strategy and Tactics* dokument by elke Nasionale konferensie van die ANC.
- **Internasionale netwerke:** Samewerking en netwerkskepping met strategiese vennote wêreldwyd is belangrik vir die bereiking van dit waarvoor die NDR homself ten doel stel. Globale transformasie word hier bepleit en beteken "*Changes of colonial patterns of economic relations, and create possibilities for equitable and balanced North-South relations, transformation and beneficial of African natural resources, sustainable flows of Foreign Direct Investment (FDI), market access for products from the South to generate employment, and contribute to poverty eradication" (COSATU, 2008).*

Bogenoemde raamwerk verskaf die parameters waarbinne daar strategies te werk gegaan moet word. Vervolgens val die fokus op die strategiese konteks van die NDR.

4.1.3 Die Strategiese Konteks van die NDR

Sentraal tot hierdie denkpatroon is die noodsaak om alle teenstrydighede (paradokse) in terme van ras, klas en geslag uit te skakel. Uitgaande van die oorhoofse strategiese raamwerk van transformasie (die strewe na 'n nie-rassige, nie-seksistiese, demokratiese en ontwikkelingsgerigte samelewing) moet strategiese planne op elke terrein van die samelewing ontwikkel word om hierdie teenstrydighede uit te skakel. Die strategiese raamwerk het as makro-fokuspunte:

- Die vestiging van demokratiese instellings wat op verteenwoordigendheid kan aanspraak maak. (Instellings moet die demografie van Suid Afrika reflekteer.)
- Die bewerkstelliging van 'n nie-rassige en demokratiese bedeling deur veral op swart bemagtiging te konsentreer.

- Die inisiëring van 'n vooruitstrewende, volhoubare en ontwikkelingsgeoriënteerde samelewing ten opsigte van die Suid Afrikaanse en die Pan-Afrikaanse samelewing (NEPAD en die Afrika Unie)
- Die toepassing van omvattende chirurgie "*...to meet the mass revolutionary challenge..*" met as fokus sosiale, politieke en ekonomiese ingenieurswese (vergelyk Duvenhage, 2007:384-385).

Hiervolgens beteken transformasie die snelle, progressiewe, omvangryke en fundamentele verandering van die samelewing, voortspruitend uit 'n onaanvaarbare verlede, wat die vorm aanneem van sentrale beplanning (sosiale ingenieurswese en politieke manipulasie), soms hegemonies bedryf, met die beklemtoning van veranderingsbestuur en in besonder konflikbestuur (Duvenhage, 2007A:41). Die staatsbeskouing hier ter sprake is die van 'n *developmental state,* dit wil sê 'n aktivistiese staat wat direk inmeng op die terrein van die ekonomie met as doel die bevordering van 'n progressiewe politieke, ekonomiese en sosiale agenda (ANC, 2007:35). (In praktyk word 'n intervensionistiese staat in terme van Marxistiese-Leninistiese vertrekpunte nie uitgesluit nie! Soos wat sekurokratisering plaasvind, 'n sterk tendens onder die Zuma-bewind, word die staat dan ook meer intervensionisties.) Op 'n strategiese vlak is die volgende sake uiters belangrik:

- Die suksesvolle operasionalisering van moderne rewolusies (twee fase-gerig) wat die unieke omstandighede van die Suid Afrikaanse samelewing moet verdiskonteer en fokus op die uitskakeling van alle teenstrydighede (ras, klas en geslag) ter bereiking van 'n egaliserende samelewing. (Die tweede fase van sosiale en ekonomiese transformasie is tans aan die orde.)
- Die daarstelling en vestiging van politieke strukture (die ANC as die Vanguard party) op alle vlakke van die samelewing wat die organisasie en mobilisasie van steun op 'n permanente grondslag (nie net voor en tydens verkiesings nie) kan behartig.
- Die rewolusionêre benadering en taktiese ontplooiing van die transformasieplan verskil van terrein tot terrein asook ten opsigte van tydsraamwerke en operasionaliseringsmodusse.
- Die beklemtoning van die belangrike rol van die party om deurlopend uitvoering te gee aan die bereiking van die rewolusionêre ideaal en die uitvoering van resolusies as uitvloeisel van nasionale en ander konferensies.
- Die deurlopende ideologisering en herideologisering (indien en waar benodig) van die samelewing met as belangrike uitgangspunt die behoud van die hoë morele grond beide nasionaal en internasionaal.
- Die Rewolusie moet gefasseerd voltrek word en die langtermyn oogmerk mag nooit uit die oog verloor word nie. Hiervolgens is die Grondwet van 1996 slegs 'n taktiese oorwinning ('n nuwe fase in die ontplooiing van die NDR) en nie die voltrekking van die rewolusie nie.
- Die deurlopende beklemtoning van rewolusionêre simboliek (leierskapverering; die terughandiging van grond; naamsverandering; politieke uitsprake soos "*kill the boer";* apartheidsmuseums ens.) om die rewolusionêre kultuur te bevorder, simboliek van die verlede te marginaliseer en sodoende 'n onderbou daar te stel wat legitimiteit kan verskaf aan die beoogde plan van verandering en opponerende denke teen te werk.
- Die marginalisering (en selfs die neutralisering en kriminalisering) van opponerende denkpatrone (lees ook ideologie) ten einde die terrein polities voor te berei vir die beoogde plan van verandering (gelees as fundamentele en omvattende transformasie).
- Definieer vanuit die politiek hoë morele grond en eiesoortige interpretasie van die geskiedenis, politieke beweegruimte en vryheid wat gebruik en misbruik kan word om bepaalde voordele te bekom, skuld te verplaas en te ontduik en andere in die beskuldigde bank te plaas.

4.1.4 Taktiese Vertrekpunte van die NDR

Uitgaande van die oorhoofse strategiese raamwerk soos aangedui kan die volgende taktiese vertrekpunte beklemtoon word:

- Die party (Luthuli Huis) moet sy mag en invloed laat geld op die staatkundige terrein (vlakke van regering; weermag; polisie; die intelligensie diens; ens.) die ekonomie en finansiële sektor (landbou, mynbou en banke); semi-staatsinstellings (SABC,ESKOM, Denel, Transnet ens.) en die groter burgerlike samelewing.
- Die identifisering, konsolidasie, koördinasie en bestuur van konstruktiewe magsbasisse op alle vlakke van die staat, ekonomie en groter samelewing met as oogmerk die bevordering van die rewolusionêre ideaal.
- Die identifisering, opponering en marginalisering (selfs die vernietiging) van magsbasisse wat die verwesenliking van die rewolusionêre ideaal ondermyn.
- Die ontplooiing en herontplooiing van kaders om die mag en invloed van die party ten opsigte van bogenoemde samelewingsterreine en instellings te versterk en te konsolideer.
- Die oorname en konsolidasie van (taktiese) magsbasisse moet oorhoofs geprioritiseer word.
- Die strategiese posisionering van die rewolusionêre ideaal deur van gedetailleerde strategiese planne (uitbouings van die groter transformasie raamwerk) gebruik te maak en te implementeer. (Vergelyk die groot getal strategiese planne, groenskrifte en witskrifte vir byvoorbeeld Landbou, Landelike Ontwikkeling, Provinsiale en Plaaslike Regering, Sport, Onderwys en Gesondheid.)
- Strukture en belangegroepe in die groter samelewing moet deurlopend tot verantwoording geroep word om die vordering te moniteer en indien nodig intervensies te laat plaasvind indien die vordering in terme van die bereiking van rewolusionêre ideale onsuksesvol is of die vordering nie na wense is nie.

Uitgaande van bogenoemde strategiese en taktiese vertrekpunte word die volgende toepassing in die vooruitsig gestel:

Tabel1: Toepassingskonteks

EKONOMIES:		
Foci:	Werkloosheid, armoede en ongelykheid.	
Strategie:	Verander die ekonomiese struktuur van produksie en eienaarskap d.m.v. groter staatsintervensie in sleutelsektore (mynbou, industrie, landbou en tersiêre sektors) van die ekonomie ter bereiking van *equitable growth* met klem op veral infrastrukturele ontwikkeling.	
SOSIAAL:		
Foci:	Stryd teen armoede en ongelykheid.	
Strategie:	Beter onderwys, gesondheid en toegang tot grond d.m.v. omvattende beplanning en staatsintervensie (*National Health Insurance;* toelaes; pensioene ens).	
LANDELIKE ONTWIKKELING:		
Foci:	Grondhervorming, bemagtiging en infrastruktuur.	
Strategie:	Omvattende landelike ontwikkelingsplan, minder markgedrewe en sterker staatsintervensies. Bevoordeel histories benadeelde ten koste van "koloniste". Prysvasstelling. *"Major intervention and strategic shift from current government policy"* en *"Where necessary expropriate property in the public interest to achieve equity, redress, social justice and sustainable development".*	
DEMOKRASIE:		
Fokuspunte sluit in:	Beter samewerking en koördinasie binne ANC-alliansie.	
	Luthuli-huis nader aan Uniegebou (oorsigfunksie en rol).	
	Gedissiplineerde kaders en groter aanspreeklikheid.	

	Vergrote politieke deelname.	
TRANSFORMASIE VAN DIE STAAT:		
	Een staatsdiens.	
	Die stryd teen korrupsie.	
	Die regulering van vaardigheidsverliese vanuit die openbare sektor.	
INTERNASIONALE – GLOBALE TRANSFORMASIE:		
Die denke in hierdie verband kan so saamgevat word:	*"Changes of colonial patterns of economic relations, and create possibilities for equitable and balanced North-South relations, transformation and beneficial of African natural resources, sustainable flows of Foreign Direct Investment (FDI), market access for products from the South to generate employment, and contribute to poverty eradication."* (COSATU, 2008).	
	Organiseer en mobiliseer binne die raamwerk van die progressiewe kragte binne die globale politiek.	

Die ideologie is tans die dominante benadering en is rigtinggewend vir die Suid-Afrikaanse politieke konteks. Twee aspekte is in hierdie opsig belangrik, naamlik:

- Daar bestaan tans geen konsensus binne die ANC-familie oor wat die ware inhoud van die NDR behoort te wees nie. Aan die linkerkant van die spektrum bestaan daar tans groot debatte oor watter inhoud die "ware" NDR verteenwoordig. Is dit die regering se NOP-gedagte; Julius Malema se benadering of selfs 'n Trotskyistiese beskouing van "permanente rewolusie". Vgl. die volgende diagrammatiese voorstelling:

Figuur4: NDR: Ideologiese posisies



- Daar bestaan tans geen aanduiding dat die regering gaan afwyk van "politieke transformasie" as die sentrale ideologie nie. Trouens, sterk aanduidings bestaan dat die bestaande resep van transformasie slegs sterker en meer konsekwent toegepas gaan word al beteken dit die ondermyning van politieke strukture en demokratiese grondbeginsels. Teenoor die radikale NDR en sy uitloper van politieke transformasie staan die liberaal-demokratiese denkpatroon met 'n beskouing wat fundamenteel van bogenoemde verskil. Hierdie beskouing as belangrike teenpool vir die NDR-gedagte word kortliks gerekonstrueer en geïnterpreteer.

4.2 Die Liberaal-Demokratiese Oriëntasie

4.2.1 Kontekstuele Perspektiewe

Hierdie beskouing oor staat en politiek (in skerp kontras met die NDR–beskouing kan terugdateer na die sogenoemde Aufklarung of Verligting wat aanvanklik in veral Wes-Europa 'n grondslag daargestel het vir die ontwikkeling en vestiging van demokratiese waardes. Via veral die Europese en Britse demokratiseringsprosesse en die gepaardgaande koloniale invloede het demokratiese stelsels en waardes sedert die 19de eeu in Suid-Afrika geleidelik inslag gevind.

Dit was egter eers in 1994 met die eerste algemene verkiesing en die aanvaarding van die 1996-grondwet dat Suid-Afrika daarop kon aanspraak maak dat die staat wel oor 'n demokratiese grondwet beskik. Die bestaan van 'n demokratiese grondwet is egter nie gelyk aan die aanvaarding of die konsolidasie van sodanige grondwet nie. Die laaste twee dekades was daar dan ook telkens kritiese vrae gevra oor die aard en konsolidasie van die Suid-Afrikaanse demokrasie. Hierdie kritiese vrae was veral afkomstig van die liberale en sosiale tradisies van demokrasie wat vervolgens kortliks aan die orde gestel word.

4.2.2 Vertrekpunte en Operasionalisering van die denkpatroon

Die liberale politieke tradisie word soms teruggevoer na die Magna Carta (1215) en het as denkpatroon in veral die 17de en 18de eeu prominensie in Wes-Europa verwerf. Die liberale politieke tradisie verteenwoordig 'n komplekse tradisie (klassieke liberalisme, moderne liberalisme, utilitarisme, pluralisme, ens) eerder as 'n eenvoudige teoretiese raamwerk. Binne hierdie denkpatroon staan indiwidualisme (die regte en vryhede van die indiwidu) sentraal. Vanuit die perspektief van Henry de Bracton is hier sprake van 'n *"constitution of liberty"* met as uitkoms 'n raamwerk van politieke instellings wat "beperkte regering" moontlik maak. Dus, in wese fokus hierdie tradisie op die uitbreiding van politieke, ekonomiese en sosiale vryhede binne die groter samelewing en het die staat slegs 'n beperkte rol ten opsigte van die groter samelewing. Polities manifesteer hierdie denke in terme van 'n duidelike onderskeid tussen die staatlike en die nie-staatlike met die beklemtoning van beperkte regering enersyds en 'n sterk en outonome burgerlike samelewing andersyds. Demokratiese en grondwetlike beginsels wat verband hou met sake soos populêre regering, beperkte regering (verskeie meganismes); die idee van die trias-politica (die driedelingsleer); grondwetlike regering; verteenwoordigende en verantwoordelike regering ('n regering deur instemming en toestemming); en die gedagte van die oppergesag van die reg staan sentraal ten opsigte van hierdie staatkundige beskouing.

Hierdie staatsbeskouing staan egter in direkte konflik met die NDR-beskouing en hierdie twee konflikterende paradigmas kan soos volg voorgestel word:

Tabel2: Konflikterende Paradigmas

DIE NDR-BESKOUING	DIE LIBERAAL/SOSIAAL DEMOKRATIESE BESKOUING
Die party lei en beheer die staat (party-staat beskouing).	'n Veelparty bedeling is 'n onderdeel van die groter grondwetlike en staatkundige bedeling.
Geen duidelike onderskeid tussen die staatlike en nie-staatlike bedelings.	'n Duidelike onderskeid tussen die staatlike en nie-staatlike bedelings.
Die party moet staatlike en nie-staatlike omgewings transformeer met as fokus 'n interventionistiese en ontwikkelingsgerigte benadering.	Die staatstaak is demokraties beperk en nie-intervensionisties van aard nie.
'n Gelyke samelewing as uitkoms.	'n Vrye samelewing as uitkoms.

Die onaantasbaarheid van leierskap binne 'n staatkundige konteks.	Verantwoordbare leierskap binne 'n staatkundige konteks.
"Machtstaatsidee"	"Rechtstaatsidee"
Grondliggende waardes: transformasie; historiese regstelling; sosiale geregtigheid; ekonomiese herverdeling; staatsintervensie; swartbemagtiging.	Grondliggende waardes: politieke demokrasie; konstitusionalisme; sosiale verantwoordelikheid; sterk burgerlike instellings: die oppergesag van die reg.

Vir die demokrasie om suksesvol te konsolideer en te institusionaliseer moet liberaal-demokratiese waardes en verbandhoudende staatsbeskouing vooropgestel word. Die huidige Suid-Afrikaanse politieke konteks is nie tans baie bevorderlik vir die konsolidasie van demokratiese waardes nie.

5 DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE KONTEKS: SMELTKROES VAN VERANDERING

In 'n vorige studiestuk is 'n rekonstruksie van die post-verkiesingsomgewing gemaak[2]. Hierin is aangedui dat 'n aantal veranderlikes soos meer radikale sosiale en ekonomiese transformasie; 'n verswakkende staat en patrone van institusionele en politieke verval; die sekurokratisering van die staat; 'n rekonfigurasie van die politieke spektrum; en sosiale, ekonomiese en arbeidstendense tans aan 'n uiters dinamiese omgewing *("punctuated equilibrium")* beslag gee. Skematies kan die samehang van faktore so voorgestel word:

Figuur5: Veranderlikes binne die Suid-Afrikaanse Politieke Omgewing



Hierdie omgewing en die uitspeel hiervan is bepalend vir of en hoe (indien wel) die demokrasie gaan konsolideer. Dit is baie duidelik dat die huidige komplekse dinamika van verandering *("punctuated equilibrium")* die aard van ons demokrasie vorentoe gaan bepaal met die bakens van "demokratiese konsolidasie" enersyds en wat genoem word *"democratic breakdown"* andersyds. Alvorens hierdie beoordeling gedoen kan word moet die aard van demokratiese konsolidasie eers meer breedvoerig toegelig word.

[2]Vergelyk die studiestuk getiteld **Die post-verkiesingsomgewing: 'n perspektief vir die Afrikaner en die Afrikanerbond** pp 1-30.

Demokratiese konsolidasie verwys na die proses waar demokratisering en die institusionalisering van demokratiese waardes onomkeerbaar is en waar die burgery volledig inkoop tot hierdie vorm van staat, 'n bepaalde waardestelsel en die praktiese funksionering hiervan. Leidende akademici definieer demokratiese konsolidasie soos volg:

> O'Donnel(1996): *"(D)emocracy is consolidated when power is altered between rivals, support for the system is continued during times of economic hardship, rebels are defeated and punished, the regime remains stable in the face of restructuring of the party system, and there exist no significant political anti-system."*
>
> Przerworski(1991): *"(D)emocracy is consolidated when under given political and economic conditions a particular system of institutions becomes the only game in town; when no one can imagine acting outside democratic institutions, when all losers want to do is try again within the same institutions under which they have just lost."*
>
> Huntington(1991): *"... democracy becomes consolidated when an electoral regime is fully entrenched and capable of delivering free and fair elections..." The party or group that takes power in the initial election at the time of transition loses a subsequent election and turns poor to the winner of a later reaction." ("two turn over test")*

Verbandhoudend met bogenoemde beklemtoon Linz en Stepan (1996) dat vyf spesifieke kondisies moet geld alvorens 'n demokrasie as gekonsolideerd beskou kan word, naamlik:

1) 'n Vrye en sterk burgerlike samelewing.
2) 'n Outonome "politieke samelewing" met genoegsame "samelewings beheer" oor die strukture van die staat.
3) Alle politieke akteurs is onderworpe aan die oppergesag van die reg wat burgerlike vryhede beskerm.
4) 'n Deursigtige, verantwoordelike en funksionerende staatsadministrasie.
5) 'n Gevestigde en geïnstitusionaliseerde ekonomie waarin 'n mark-ekonomie en die privaatbesit van produksie-faktore prominent figureer.

Wanneer bogenoemde konseptualisering van demokratiese konsolidasie verreken word, is dit duidelik dat Suid-Afrika nog nie aan al die vereistes vir 'n gekonsolideerde demokrasie voldoen nie. Kenmerke waaraan daar byvoorbeeld nie volledig voldoen word nie, sluit in:

- Wat Suid-Afrika betref is die demokrasie nog nie *"the only game in town"* aldus Przerworski nie. Daar word dikwels buite demokraties-grondwetlike raamwerke gehandel en as voorbeelde kan verwys word na die party-staat verhouding in die algemeen. 'n Rewolusionêre benadering tot verandering is prominent en die nie-navolging van demokratiese prosedures en prosesse soos wat tans in die parlement aan die orde is bevestig hierdie perspektief. Die Leninisties-Stalinistiese beskouing dat die party die staat moet beheer (soos gefundeer binne die NDR-idee) plaas die party en veral partyleierskap soms buite die konteks van verantwoordingdoening – 'n sentrale demokratiese beginsel wat in die proses ondermyn word.
- Sedert die eerste vrye verkiesing (1994) is mag nog nie aan 'n ander party oorgedra nie en waar dit wel provinsiaal (Wes-Kaap) en in sommige plaaslike omgewings gebeur het, is hul telkens deur die ANC-alliansie op rewolusionêre wyse ondermyn. [Die huidige COSATU-leier in die Weskaap (Tony Ehrenreich) se oproep om plase te beset moet in die verband beoordeel word.] Dus, die Huntington-reël van die *"two turn over test"* het nog nie volledig in Suid-Afrika beslag gekry nie, en waar dit wel gebeur het, het die regerende party geantwoord met 'n nie-demokratiese en selfs rewolusionêre teen-reaksie.
- Hoewel Suid-Afrika oor 'n sterk burgerlike samelewing beskik (wat 'n belangrike voorvereiste is vir die konsolidasie van ons nuwe demokrasie) poog die ANC om party-staat beheer oor die burgerlike samelewing uit te oefen en waar moontlik self uit te brei onder die vlag van transformasie en meer spesifiek verteenwoordigendheid. Een van die taktiese vertrekpunte van die NDR (soos vroeër aangedui) is immers die identifisering, konsolidasie, koördinasie en bestuur van magsbasisse op alle vlakke van

die staat, ekonomie en groter samelewing onder die voogdyskap van die "Voorhoedeparty". Tydens die "tweede fase van transformasie" word die groter samelewing en veral die ekonomie as fokuspunte vir beheer en invloed geïdentifiseer.

- Die eis van 'n "outonome politieke samelewing" (Linz en Stepan) word telkens ondermyn in terme van die sistematiese toepassing van die NDR waarin die onderskeid tussen die staatlike en die nie-staatlike ('n grondliggende kenmerk van gekonsolideerde demokrasieë) nie gehandhaaf word nie.
- Die oppergesag van die reg is verder nie eenvormig op almal van toepassing nie en sekere politieke elites waaronder Jacob Zuma, Richard Mdluli, Toni Yengeni en andere word volgens ander reëls en kriteria beoordeel. Die hantering van korrupsieskandale met inbegrip van Nkandla, Guptagate, die Wapenskandaal en selfs die Spioenasiebande bevestig (tot dusvêr minstens) dat die George Orwell-beginsel *"all are equal, but some are more equal than others"* hier van toepassing is.
- Hoë vlakke van korrupsie en nepotisme sowel as disfunksionele strukture binne die groter staatsadministrasie beklemtoon verder dat hierdie kriterium vir demokratiese konsolidasie ook nie aan voldoen word nie. Soos in ander dokumente aangetoon word, beklemtoon dit dat die Suid-Afrikaanse staat in terme van funksionele kriteria as 'n "verswakkende staat" beskryf kan word. Hierdie verswakkende staat is bydraend tot die eskalasie van diensleweringsproteste sedert 1999.
- Hoewel Suid-Afrika oor 'n relatief vrye en geïnstitusionaliseerde ekonomie beskik is daar toenemende aanduidings van staatsintervensies ten einde die eise van werkloosheid, armoede en ongelykheid sistematies aan te spreek. 'n Sterker staatsintervensionistiese benadering in terme van die tweede fase van transformasie beklemtoon 'n afwyking in terme van hierdie kriterium soos deur Linz en Stepan gekonseptualiseer.

Uit die voorafgaande ontleding is dit duidelik dat Suid-Afrika oor groot uitdagings beskik in terme van die konsolidasie van demokratiese strukture en onderliggende waardestelsels. Dit is egter 'n spesifieke stel van omstandighede wat tans manifesteer wat 'n besondere uitdaging aan die demokrasie gaan stel. 'n Grondwetlike krisis en selfs 'n *"democratic breakdown"* moet in hierdie opsig as 'n ekstreme scenario verreken word.

6 DEMOKRATIESE KONSOLIDASIE (GRONDWETLIKE KRISIS?)

In teenstelling tot demokratiese konsolidasie verwys *"democratic breakdown"* (demokratiese verval) na patrone van dedemokratisering of te wel die ondermyning van demokratiese waardes asook die disfunksionering van demokratiese stelsels soos gemeet in terme van demokratiese spelreëls. Juan Linz identifiseer drie sake wat bepalend kan wees vir "konsolidasie" of "verval" van demokratiese bedelings naamlik:

- Die mate van regime aanvaarding *(popular acceptance).*
- Die vermoeë (al dan nie) tot kragdadige handeling *(efficacy).*
- Die (nie-) doelmatige funksionering van die regime *(effectiveness and efficiency).*

Ten opsigte van regime-aanvaarding bestaan 'n konflikterende beeld ten opsigte van die Suid-Afrikaanse politieke regime. Enersyds was daar wye inkoop in die groter stelsel soos gereflekteer in verskeie verkiesings waarin die leidende party telkens 'n bykans twee-derde meerderheid steun op hom verenig het. (Tydens die 1999-verkiesing was dit bokant 'n twee-derde meerderheid!) Soos wat die geval was met talle bevrydingsbewegings na onafhanklikheid neem steunvlakke af en neem syfers van politieke apatie drasties toe. Vergelyk die volgende statistieke om verhoogde vlakke van politieke apatie aan te dui:

Tabel3: Politieke apatie as verskynsel (1994-2009)

VERKIESING	1994	1999	2004	2009
Totale Bevolking	40 436 000	42 424 823	42 768 678	49 052 489
Stemgeregtigdes	23 063 910	24 411 573	27 944 712	31 673 238
Geregistreerde Kiesers	22 709 152	18 177 000	20 674 926	23 181 997
Aantal Stemme Uitgebring	19 726 610	16 228 462	18 863 554	17 919 966
Stempersentasie (Uit Geregistreerdes)	86.87%	89.28%	91.24%	77.30%
Stempersentasie (Uit Stemgeregtigdes)	85.53%	66.48%	67.50%	56.57%
Wegblystem	3 337 300	8 183 111	9 081 158	13 752 272

Bron: IEC

Dit is egter interessant dat die Economist Intelligence Unit se Democracy Index (2012:4) Suid-Afrika nommer 31 in die wêreld plaas met 'n gemiddelde totaal van 7.79 uit 'n moontlike 10.[3] Dit is 'n baie gunstige beoordeling hoewel die situasie sedert 2012 verswak het – veral ten opsigte van die ANC en Jacob Zuma.

Wanneer dit egter kom by sake wat verband hou met regime-doeltreffendheid en funksionaliteit is die situasie heelwat meer negatief. Verskeie regeerkundige indekse (waaronder Mo Ebrahim Stigting, Freedom House, Transparency International en die Rainbow Index) beklemtoon in die algemeen die tendens van 'n verswakkende staat ten opsigte van Suid-Afrika. In 'n PhD-studie getiteld *State dysfunction: The concept and its application to South Africa*[4] bevind Greffrath (2014:325), dat *"... it is this investigation's prognosis that further decay in the capabilities of the South African state is likely; firstly as a result of the clear institutional locus and depth of dysfunction and, secondly, because entrenched regimes are historically averse to democratic political change. It is also the estimation of this study that a further descent into the realm of praetorian politics is in progress, which will adversely affect the position of the South African state in the future."*

Dit is egter veral tendense van neo-patrimonialisme en die "politiek van die "sterk man" wat tans 'n wesenlike bedreiging inhou vir demokratiese en grondwetlike waardes in Suid-Afrika. Bratton en van der Walle (1997:62) verduidelik hierdie problematiek en gepaardgaande dinamika soos volg:

> *"... the right to rule in neopatrimonial regimes is ascribed to a person rather than to an office, despite the official existence of a written constitution. One individual (the strongman, "big man," or "supremo"), often a president for life, dominates the state apparatus and stands above its laws. Relationships of loyalty and dependence pervade a formal political and administrative system, and officials occupy bureaucratic positions less to perform*

[3] Kriteria: Verkiesingsprosesse – 8.75; funksionering van regering – 8.21; politieke deelname – 7.22; politieke kultuur – 6.25; burgerlike vryhede – 8.53.

[4] Hierdie studie word tans voorgelê vir beoordeling.

> *public service, their ostensible purpose, than to acquire personal wealth and status. Although state functionaries receive an official salary, they also enjoy access to various forms of illicit rents, prebends, and petty corruption, which constitute a sometime important entitlement to office. The chief executive and his inner circle undermine the effectiveness of the nominally modern state administration by using it for systematic patronage and clientelist practices in order to maintain political order. Moreover, parallel and unofficial structures may well hold more power and authority than the formal administration."*

Hierdie perspektief van Bratton en van der Walle (1997) is uiters beskrywend van die Zuma-dinamiek in die Suid-Afrikaanse politiek en is tans 'n resep vir 'n grondwetlike krisis en die ondermyning van demokratiese strukture en prosesse. In essensie kom hierdie problematiek op die volgende neer:

- Die President van Suid-Afrika word verbind aan uitgebreide vorme van korrupsie en nepotisme met verwysing na die Wapenskandaal; "Gupthagate"; "Nkandlagate" die "Spioenasiebande" en "Nucleargate".
- Die party en die veiligheidskluster beskerm die President en sy elite teen regmatige parlementêre en juridiese prosesse.
- Die ideologie (NDR) word gebruik om die party en sy leierskap in 'n onaantasbare posisie te plaas. Artikel 9 instellings soos die Openbare Beskermer en Thuli Madonsela word openlik ondermyn (institusioneel en persoonlik) om die President en verantwoordelikes onregmatig teen moontlike vervolging te beskerm.
- Volgens mediaberigte en getuies word belangrike getuienis vernietig (subordinasie) om indiwidue wat verantwoordelik is te beskerm en hul van skuld te vrywaar. (Meer indiwidue as net mnr Jacob Zuma word geïmpliseer!)

Die groot toets (myns insiens die belangrikste sedert 1994) is of die regerende party gaan handel in terme van grondwetlik-demokratiese beginsels en/of die "sterk man" beskerm gaan word ongeag die grondwet en demokratiese waardes? Waar verskeie ander Afrika-state voor 'n soortgelyke keuse geplaas was (Zimbabwe, Kenia, Zambië) het besluite meestal die "sterk man" binne 'n konteks van neo-patrimonialisme beskerm. In Zimbabwe het Robert Mugabe ten minste twee onlangse verkiesings verloor en funksioneer tans as 'n lewenslange president. Die groot vraag is: **Kan Suid-Afrika (soos tydens die laat tagtigerjare) 'n keuse maak ten gunste van demokrasie of het die vlak van staatsverrotting reeds sover ingetree dat Suid-Afrika onherroeplik op die weg is van politieke en institusionele verval?**

7 SAMEVATTENDE EVALUERING: SUID-AFRIKA QUO VADIS

Twintig jaar na Suid-Afrika se eerste verkiesing (1994) is daar sterk aanduidings dat 'n fase van dinamiese ekwilibrium (voorgehou as *"punctuated equilibrium")* betree word. 'n Nuwe fase van politieke ontwikkeling word gevolglik in die vooruitsig gestel met as moontlike uitkoms demokratiese konsolidasie of demokratiese verval.

'n Belangrike faktor binne hierdie groter dinamika is die sogenaamde "stryd van idees" waar 'n rewolusionêre georiënteerde staatsbeskouing en toepassing in konflik verkeer met 'n liberaal (ook sosiaal) demokratiese staatsbeskouing en die toepassing hiervan in onder meer grondwetlike regering en konstitusionalisme. Die regerende-ANC het reeds gekies ten gunste van 'n rewolusionêre staatsbeskouing en politieke toepassing met verreikende en potensieel negatiewe implikasies vir die suksesvolle konsolidasie van grondwetlik-demokratiese waardes en instellings wat op hierdie grondslag gevestig moet word. Die konsekwente en sistematiese toepassing van die NDR-idee op die staatkundige praktyk in Suid-Afrika beteken die konsolidasie van 'n nie-demokratiese bedeling (soos gemeet aan liberaal-demokratiese norme) met Marxisties Leninistiese beginsels en vertrekpunte en hiermee saam 'n post-koloniale politieke dinamika (neo-patrimoniaal van aard) as

belangrike uitkoms. Hierdie ideologie, sy toepassing en die gepaardgaande dinamika hou 'n daadwerklike risiko in vir die suksesvolle toepassing van 'n demokratiese grondwet en strukture wat hiermee geassosieer word. 'n Grondwetlike krisis van 'n soort as uitkoms kan teen hierdie agtergrond nie uitgesluit word nie.

Hierdie dilemma word onderskryf deurdat 'n sekere stel politieke, sosiale en ekonomiese omstandighede (soos ontleed in die vorige besprekingsdokument) groot risiko's identifiseer vir die suksesvolle konsolidasie van die Suid-Afrikaanse demokrasie. Kriteria vir demokratiese konsolidasie waaronder 'n vrye en sterk burgerlike samelewing; die oppergesag van die reg; 'n sterk funksionerende deursigtige en verantwoordelike staatsadministrasie; en 'n groeiende ekonomie (om enkele sake uit te sonder) word toenemend negatief beoordeel in terme van die toepassing hiervan op Suid-Afrika.

'n Belangrike politieke tendens in Afrika (vroeër na verwys as neo-patrimonialisme), verskaf 'n bykans teksboektoepassing op dit wat tans polities gesproke in Suid-Afrika aan die orde is – veral in soverre dit die posisie van Jacob Zuma betref. In hierdie relatief kleiner konteks (die Zuma-dinamika) lê myns insiens een van die grootste toetse opgesluit vir die suksesvolle konsolidasie van demokratiese waardes en instellings in Suid-Afrika.

Die uitspeel van die Zuma-dinamika en die impak hiervan op die ANC, die drieledige alliansie en die groter politieke regime kan die spreekwoordelike *"tipping point"* bewerkstellig. Tans is hierdie punt nog nie bereik nie, en kan daar steeds iets gedoen word ten einde liberaal-demokratiese en grondwetlike waardes suksesvol te konsolideer. Die oppergesag van die grondwet en die verbandhoudende *"rule of law"*-beginsel is in hierdie opsig nie onderhandelbaar nie.

Die suksesvolle konsolidasie van demokratiese waardes en instellings gaan mede-bepaal word deur die rol van nie-staatlike instellings binne die raamwerk van die groter burgerlike samelewing. In hierdie opsig het ook die Afrikanerbond 'n rol om te speel – 'n rol wat vorentoe belangrik kan wees vir die toekoms van ook (veral?) Afrikaners hier op die suidpunt van Afrika.

8 GESELEKTEERDE BIBLIOGRAFIE

ANC: sien *AFRICAN NATIONAL CONGRESS*
ANCYL: sien *AFRICAN NATIONAL CONGRESS YOUTH LEAGUE*
COSATU: sien *CONGRESSOF SOUTH AFRICAN TRADE UNIONS*
GRONDWET: sien *SUID-AFRIKA*
FREEDOM CHARTER: sien *SOUTH AFRICAN CONGRESS ALLIANCE*
SACP: sien *SOUTH AFRICAN COMMUNIST PARTY*
AFRICAN NATIONAL CONGRESS. 2007. Adopted Strategy and Tactics of the ANC. http://www.anc.org.za/show.php?id=2535 Datum van gebruik: 9 Aug. 2011.
AFRICAN NATIONAL CONGRESS. 2007A. A fundamental revolutionary lesson: The enemy manoeuvres but it remains the enemy. http://panafricannews.blogspot.com/2007/09/fundamental-revolutionary-lesson-enemy.html Datum van gebruik: 10 Aug. 2011
AFRICAN NATIONAL CONGRESS YOUTH LEAGUE. 2011. Declaration of the 24th congress. http://www.ancyl.org.za/show.php?id=8037 Datum van gebruik: 10 Aug. 2011.
BRATTON, M & VAN DER WALLE, N. 1997. Democratic Experiments in Africa. Cambridge: Cambridge University Press.
CONGRESS OF SOUTH AFRICAN TRADE UNIONS. 2008. Defend our movement: Advance the gains of Polokwane.

http://www.politicsweb.co.za/politicsweb/view/politicsweb/en/page71619?oid=113596&sn=Detail Datum van gebruik: 9 Aug. 2011.
DE KLERK, F.W. 2011. Staan saam om die NDR te stuit. http://www.rapport.co.za/Weekliks/Nuus/Staan-saam-om-die-NDR-te-stuit-20110702 Datum van gebruik: 9 Aug. 2011.
DE KLERK, FW. 2014. The evolution of property rights since 1994. Conference on the future of property rights. Johannesburg.
DUVENHAGE, A. 2007. Politieke Transformasie as 'n ideologiese denkraamwerk: 'n Beleidsdinamiese analise en perspektief. *Koers* 72(3):1-26
DUVENHAGE, A. 2007A. Die Suid-Afrikaanse Politieke Omgewing: 'n Strategiese ontleding en scenario analise. NWU: Reeks H – Intreerede nr. 214
DUVENHAGE, A. 2010. Die algemene verkiesing van 2009 en die post-verkiesingsomgewing in Suid-Afrika: Enkele strategiese perspektiewe. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 35(3):149-178
FRANKEL, P. 1984. Pretoria's Praetorians: Civil-military Relations in South Africa. Cambridge: Cambridge University Press.
GREFFRATH, W. 2014. State dysfunction: The concept and its application to South Africa. Thesis. Potchefstroom.
HUMAN, P. 1998. Yenza: A blueprint for transformation. Oxford: Oxford University Press.
HUNTINGTON, SP. 1991. The Third Wave: Democratization in the Late Twentieth Century. Norman: University of Oklahoma Press.
IEC webwerf (elektronies). http://www.elections.org.za/content/
LINZ, JJ & STEPAN, A. 1996. Journal of Democracy. April.
NZIMANDE, B. 2011. Address to the 5th General Committee of COSATU. http://www.politicsweb.co.za/politicsweb/view/politicsweb/en/page71654?oid=243217&sn=Detail&pid=71654. Datum van gebruik: 10 Aug. 2011.
NZIMANDE, B. 2011A. Building working class hegemony through the forthcoming local government elections. http://www.sacp.org.za/main.php?ID=3329 Datum van gebruik: 10 Aug. 2011.
O'DONNEL, G. 1996. Illusions about consolidation. Journal of Democracy Vol 7, No 4.
PRZEWORSKI, A. 1991. Democracy and the Market. Political and Economic Reforms in Eastern Europe and Latin America. Cambridge: Cambridge University Press.
SLABBERT, F.vZ. 2006. The Other side of History. Johannesburg: Jonathan Ball
SOUTH AFRICAN COMMUNIST PARTY. 2007. The South African Road to Socialism: Building Working Class Hegemony for a Socialist Oriented National Democratic Revolution. http://www.sacp.org.za/main.php?ID=2754 Datum van gebruik: 10 Aug. 2011.
SUID-AFRIKA. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.